

Dinsdag 21 Februarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21 – 6:9

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:21, 24, 25; 6:1, 4, 5, 9

Leef ook in jou huis op Geesvervulde wyse!

In die tweede, praktiese, deel van sy brief aan hulle sê Paulus vir die gemeente van Efese hoe hulle in totale onderskeiding van die ongelowige wêreld moet lewe. As mense wat met die Heilige Gees gedoop is, is hulle onder die liefdevolle heerskappy van die Gees en van die verhoogde Christus gebring. Daarom moes hulle sigbaar breek met die ou, sondige mens sodat hulle heilig en volgens die wil van God kon lewe.

Die nuutheid van hulle lewens moes onder andere spreek uit die manier waarop hulle as *mans en vrouens, ouers en kinders, slawe en eienaars* in heeltemal 'n ander styl as hulle ongelowige stadsgenote met mekaar omgegaan het. Die groot beginsel vir al hierdie verhoudinge word in 5:21 uitgespel: “*Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.*”

Indien hierdie beginsel eerbiedig word, is daar geen ruimte vir konflik nie. En niemand hoef te stry oor die vraag wie nou eintlik in enige verhouding die belangrikste is nie.

Feit is dat ons nie deur die offer van Goeie Vrydag vrygemaak is om oor mekaar baas te speel nie, maar om lief te hê en in navolging van Jesus mekaar se voete te was.

- So kan man en vrou in hulle diens aan mekaar 'n afbeelding wees van die volmaakte verhouding tussen die hemelse Bruidegom, Jesus Christus, en sy bruidskerk op aarde.
- Terwyl die man en pa met onvervalsde liefde oor sy vrou en kinders regeer, is hulle vry om met selfvertroue te leef en te wees wat hulle bedoel is om te wees.
- Werkers en werkgewers kan vir die wêreld wys hoe goed dit gaan waar albei partye Geesvervuld onder die Koningskap van Jesus Christus inbuig!

Mag die Here jou en almal in jou huis seën terwyl julle, met behoud van julle onderskeie rolverdelings, uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig is!

Sing: Psalm 128:1, 2, 3

Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)